Date : August, 23 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 2

Liggaam wat teen Mugabe beslis 'in wese ontbind'

Pieter du Toit

Kaapstad. – Staatshoofde van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG), met pres. Jacob Zuma aan die spits, skep 'n "juridiese vakuum" deur dié liggaam se tribunaal prakties te ontbind.

So meen mnr. Athol Trollip, DA-leier in die parlement. Volgens hom is die dienskontrakte van die tribunaal se regters, wat bevindings teen pres. Robert Mugabe se omstrede grondhervormingsbeleid gemaak het, nie hernu nie.

Woordvoerders van die departement van internasionale betrekkinge en samewerking kon nie gister bereik word om dit te bevestig nie. Luidens 'n vroeëre verklaring deur die departement het SAOG-staatshoofde besluit om die tribunaal se werksaamhede te hersien en binne ses maande verslag te doen.

Trollip meen dít is 'n poging om die werklike ontbinding van dié "gerespekteerde liggaam" te versluier.

Die SAOG het ondanks verskeie beslissings oor die onwettigheid van Zimbabwe se grondhervormingsprogram nagelaat om teen Mugabe se regering op te tree. Sy leiers was op 'n beraad verlede week in Windhoek wéér stil oor die kwessie terwyl adj.pres. Kgalema Motlanthe huiwerig was om vrae daaroor in die Nasionale Vergadering te beantwoord.

Trollip het gesê dis duidelik staatshoofde is nie geneë om hulle by hofbeslissings te hou as dit hulle nie pas nie. "Die SAOG doen Zuma nou na deur na Mugabe se pype te dans. In plaas daarvan om strafmaatreëls teen die Zimbabwiese regering weens sy minagtende gedrag in te stel, het hy sy visier op die tribunaal gerig. Dit is besonder betekenisvol dat die SAOG sy mees gerespekteerde liggaam ontbind het ten gunste daarvan om 'n rampokkerstaat te beskerm," het Trollip in 'n verklaring gesê.

Zuma is ten volle medepligtig aan die SAOG se besluit om die tribunaal tandeloos te maak en dit laat ernstige vrae ontstaan oor sy verbintenis om Suid-Afrikaanse beleggings in Zimbabwe te beskerm, meen hy.

Mnr. Willie Spies van AfriForum, wat al namens Zimbabwiese boere voor die tribunaal verskyn het, het gesê die SAOG stroop die tribunaal van sy magte.

Hy het gesê die "hersiening" van die tribunaal se werksaamhede is "die mees blatante minagting van die reg denkbaar".